

24 Mei

Skrifgedeelte: Esegiël 33

Fokusgedeelte: Esegiël 33:30-33

God sal sy woorde waarheid maak

Dit was nie maklik om as profeet in Israel op te tree nie. Gewoonlik wou die volk nie na die woorde van die profete luister nie – maar het eerder hulle eie koppe gevolg – met baie ernstige gevolge. So was dit ook met Esegiël. Esegiël 33 bring ons by 'n belangrike wending in die boek. Hoofstuk 1-24 bevat uitsprake wat uitgespreek is voor die finale verwoesting van Jerusalem. Daarop volg agt hoofstukke met uitsprake teen die nasies. In Esegiël 37 word die val van Jerusalem bekend en begin 'n nuwe fase in die werk van die profeet waarin hy weer die herstel van God se volk aankondig. Voor die val van Jerusalem wou die volk nie na hom luister nie. Hulle het wel kom hoor wat hy sê en hulle het geluister na die treurliedere wat hy gesing het, maar hulle het nie sy woorde ter harte geneem nie. Toe Jerusalem geval het, moes hulle egter besef het dat Esegiël inderdaad God se woorde aan hulle verkondig het. God het sy woorde met dade bevestig. Dit word by uitnemendheid duidelik in die werk van Jesus Christus. God het Hom beloof en Hom gestuur om sy werk te kom doen. Ons word steeds gekonfronteer met God se Woord. Maak ons daardie woorde af as blote mensewoorde, of luister ons daarna omdat dit vir ons die Woord van die lewe is? Ons moenie net luister nie, ons moet ook doen wat die Woord sê.

Sing: Psalm 40:4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)